

## Mpumalanga Ope 2018- Verslag

Op 14 April 2018 is die Mpumalanga ope aangebied op die plaas Rustfontein, van P Martins Boerdery, ongeveer 30km buite Volksrust.

Die ope is gekenmerk deur baie lekker herfs weerstoestande met baie matige temperatuur, gedeeltelik bewolkte weer en matige wind. Daar was 101 inskrywings waarvan 96 tot die einde vasgebyt het.



Inskrywingsgeld het R300 beloop. Juniors het R150 betaal, baanbouers en helpers kon gratis deelneem

'n Inskietbaan van 200m was beskikbaar vanaf die vorige dag en dit was oop tot met die einde van die skiet.





Oom Jan Marais het oudergewoonte gesorg vir heerlike kos voor, gedurende en na afloop van die skiet. As deel van die inskrywingsgeld is skuts ingewag met worsbroodjies en koffie vir ontbyt, later, as middagete, is hamburgers voorsien en 'n steak braai is aangebied na afloop van die skiet.



Die bane was as volg: Baan 1 was 'n Blesbok, vryhand staan, afstand 65m.

Baan 2 was 'n Vlakvark, Vryhand sit of kniel oor n dam. Afstand 118m

Baan 3 was gonge wat uit 'n kraal se druggang staande oor boonste pyp geskiet is. Afstande het gewissel tussen 170m naaste en 263m verste

Baan 4 was gonge wat uit n wilgerboom geskiet is, Afstande as volg: 1-190m, 2-366m, 3-295m, 4-235m, 5-252m.

Baan 5 was lê oor bande deur Supa Quick verskaf na dwars rooibok. Afstand 326m

Baan 6 was gonge geskiet oor damwal uit lê posisie, afstande : 268m, 322m, 320m, 256m, 205m



Die goeie beplanning en harde werk van die baanoffisiere en telling-personeel het baie vrugte afgewerp en die tellings vir die prysuitdeling was reeds 4h die middag beskikbaar en die prysuitdeling kon dus voor donker reeds afgehandel word.





Ons bedank dan graag vir Jan-Hendrik Martins, Elton Gross, Rudolph Cronje en Marius Moolman vir hulp met opstel en bou van bane, vir Jaco Vosloo, Piet Venter, Willie en Kallie Watermeyer, Theunis Potgieter, Heindre van der Bank en Ilze, Wessel Oosthuizen en Jaco vir hulle hulp as baanoffisiere en verder vir Vidette Martins, en Petra Moolman wat die inskrywings en tellings hanteer het. Ek dink vir die eerste keer vandat ek aan opes deelneem was alle skuts se tellings 100% korrek met eerste uitdruk.



Baie dankie verder aan oom Piet en tannie Rena Potgieter vir die geriewe waar die inskrywing, prysuitdeling en etes plaasgevind het.

Hiermee bedank ons verder graag die borge. Die borge is sekerlik die belangrikste van enige Ope en ons kan werklik nie sonder julle ondersteuning nie. In besonder Safari & Outdoor met R 20 000 se pryse en koopbewyse en Supa Quick Volksrust vir baan 6 se verversings.



Uitslae was asvolg:

	<u>Pos</u>	<u>Surname</u>	<u>Name</u>	<u>Initials</u>	<u>Pro- vince</u>	<u>Class</u>	<u>Totaal /900</u>	<u>Klas</u>	<u>Posisie</u>
<b>Gold</b>	1	Van Niekerk	Johan	J	MP	Men	851	Gold	Eerste
	2	Moolman	Marius	MW	MP	Men	841	Gold	Tweede
	3	Marais	Christie	CK	GP	Men	821	Gold	Derde
<b>Silver</b>	1	Hattingh	Gawie	GJ	GP	Veteran o60	730.5	Silver	Eerste
	2	Burger	Adriaan	A	FS	Men	700.5	Silver	Tweede
	3	Uytenbogaardt	Barend	BJ	WP	Men	690.5	Silver	Derde
<b>Bronze</b>	1	Venter	Albertus	A	NW	Men	660.4	Bronze	Eerste
	2	Botha	PSJ	PSJ	MP	Men	590.6	Bronze	Tweede
	3	Venter	Terven	T	MP	Senior 50-59	590.1	Bronze	Derde
<b>Penkoppe</b>	1	Dedekind	Karl	KL	KZN	Penkop u14	560	Penkoppe	Eerste
	2	Xian	Meyer	XB	MP	Penkop u14	235	Penkoppe	Tweede
<b>Juniors</b>	1	Labuschagne	Jacques	J	GP	Junior u16	565.4	Juniors	Eerste
	2	Van Zyl	Righard	R	KZN	Junior u16	490	Juniors	Tweede
	3	Gravett	Kelvin	K	GP	Junior u16	480	Juniors	Derde
<b>Ladies</b>	1	Wolfaardt	Marlize	M	MP	Ladies	400.3	Dames	Eerste
	2	Labuschagne	Erna	E	GP	Ladies	375	Dames	Tweede
	3	van Niekerk	Annatjie	AM	MP	Ladies	355	Dames	Derde
<b>Seniors</b>	1	Venter	Phillip	PR	MP	Senior 50-59	755.5	Seniors	Eerste
	2	Lehmkuhl	Louis	LW	FS	Senior 50-59	725.8	Seniors	Tweede
	3	Wilkinson	Turner	WT	FS	Senior 50-59	705.9	Seniors	Derde
<b>Veterans</b>	1	Hattingh	Gawie	GJ	GP	Veteran o60	730.5	Veterane	Eerste
<b>Non-Mem</b>	1	Slabbert	Martin	M	KZN	Men	740.4	Nie-Lede	Eerste
	2	Fick	Paul	PH	FS	Men	685.5	Nie-Lede	Tweede
	3	Burgers	Bertus	B	MP	Men	675.3	Nie-Lede	Derde
<b>Overall</b>	1	Van Niekerk	Johan	J	MP	Men	850.5	Algeheel	Eerste
	2	Moolman	Marius	MW	MP	Men	840.5	Algeheel	Tweede
	3	Marais	Christie	CK	GP	Men	820.9	Algeheel	Derde
	4	Martins	Francois	TF	MP	Men	800.5	Algeheel	Vierde
	5	Dedekind	Rupert	RL	GP	Men	786	Algeheel	Vyfde
	6	Venter	Phillip	PR	MP	Senior 50-59	755.5	Algeheel	Sesde
	7	Van Zyl	Revo	R	KZN	Men	750.8	Algeheel	Sewende
	8	Wessels	JP	JP	GP	Men	745.5	Algeheel	Agste
	9	Van Wyk	Stiaan	SJS	NW	Men	740.5	Algeheel	Negende
	10	Slabbert	Martin	M	KZN	Men	740.4	Algeheel	Tiende

Finansiële verslag vir 2018 asvolg:

<b>MP Ope 2018 Finansiële Verslag</b>				
<b>Inkomste</b>				<b>27 450.00</b>
Inskrywings Gewone lede			26700	
Inskrywings Juniors			750	
<b>Uitgawes</b>				<b>26 042.20</b>
Ontbyt, middag en aandetes			14400	
Baanoffisiere			5400	
Teikens			1980	
Venue huur			1500	
Selotape			149.4	
printer ink			409.9	
Penne			44.9	
Papier, kaartjies, vervoer			502	
Verf, cable ties, gom			600	
Gong boute en moere			202	
Danger tape			104	
Arbeid (baanbou, teikens plak, opruim)			750	
<b>Wins/verlies</b>				<b>R 1 407.80</b>

Baie dankie en groete tot volgende jaar.

Francois Martins

082 926 6452